GESTREMDHEID IN DIE

EVANGELIES EN HANDELINGE

Deur Edward Orsmond, Simondium.

Studie 2: Markus Evangelie

Jesus se wondergenesings van gestremde persone en die dissipels se bediening.

Die Sinoptiese Evangelies en Handelinge

In die Sinoptiese Evangelies (Matteus, Markus, Lukas) en Handelinge is daar baie verhale van Jesus se wonderwerke, waar mense van ’n gestremdheid genees word. Ons sien dit ook in die bediening van die dissipels. Voorbeelde hiervan is in Handelinge 3 en Markus 1: 40-45. Die wondergenesings wek egter die indruk dat dié gedeeltes in die Nuwe Testament gestremdheid voorstel as iets wat nie reg is nie. Gestremdheid is onwelkom, onnatuurlik en vreemd aan hierdie wêreld. Dit moet verwyder word en mense daarvan bevry word.

Hierdie soort interpretasie en afleiding dat gedeeltes van die Nuwe Testament gestremdheid afwys, kan mens laat vra of die genesingswonders ’n goeie invalshoek bied vir die verstaan van ’n Bybelse beskouing oor gestremdheid. Help hierdie Skrifgedeeltes ons om insig te kry in hoe die Bybel oor gestremdheid en mense met gestremdhede dink en wat die Bybel daaroor leer?

Ons kan maklik die gevolgtrekking maak dat genesing van gestremdheid nie die beste invalshoek is om ’n Bybelse beskouing van gestremdheid te vorm nie. Dié afleiding moet egter versigtig hanteer word. Dit kan op sy beurt veroorsaak dat ons groot dele van die Bybel ignoreer en sodoende dalk belangrike perspektiewe op gestremdheid mis. Ons behoort rekening te hou met die feit dat daar baie voorbeelde en verhale oor gestremdheid en gestremde persone in onder andere die Sinoptiese evangelies en Handelinge opgeteken is. Waarom was dit immers vir die skrywers belangrik om hierdie voorbeelde te gebruik en verhale te vertel?

Een deel van die antwoord is sekerlik dat die Bybel skrywers daarmee erken dat gestremdheid deel van die daaglikse lewe is, ’n integrale deel van God se skepping. Die Bybel swyg nie oor gestremdheid nie. Verder gee Jesus self pertinent daaraan aandag. Sy deernis vir mense met gestremdhede beklemtoon juis die liefde van God vir alle mense. Jesus stel egter die houding van die samelewing van sy tyd oor die teenwoordigheid van gestremdheid in

ons lewe aan die lig. Hy kritiseer hulle vooroordele en selektiewe uitsluiting van bepaalde groepe mense.

Om die verhale en voorbeelde van genesing van gestremdheid in die Sinoptiese evangelies en Handelinge te verstaan, moet ons ook rekening hou met alternatiewe perspektiewe op die genesingswonders. Jesus assosieer byvoorbeeld met talle groepe mense wat volgens die sosiale norme nie fatsoenlik is nie. Hy voer gesprekke met vroue, Hy eet saam met tollenaars en raak mense aan wat as onrein beskou is. Jesus lê in sy bediening klem op insluiting van almal in God se nuwe wêreld. Nog 'n perspektief op genesing van gestremdheid kom aan die lig deur die verhale en voorbeelde met die lens van weerloosheid en vertroue te lees. Jesus verkondig en omarm die gesindheid van weerloosheid en vertroue op God. Hy stel dit as belangrike waardes van God se nuwe wêreld. 'n Derde perspektief op die verhale oor genesing van gestremdheid gaan oop deur die lens van moed en moedigheid. Jesus spoor mense aan om moed te hou en te volhard in hul vertroue op en navolging van Hom.

Enkele Bybelstudies om die punt duidelik te maak.

In dié afdeling kyk ons na verhale in Markus, Matteus en Handelinge. Dit is verhale oor Jesus se wondergenesings, spesifiek met betrekking tot persone met gestremdhede. Die verskillende verhale behoort ons te laat sien dat daar telkens verskillende motiewe ter sprake is. Die verskillende motiewe gee ons uiteindelik 'n breër perspektief op hoe die Bybel oor gestremdheid praat. Ons dink hier oor die volgende verhale:

- Markus 1: 40-45
- Markus 8: 22-26 en 10: 46-52
- Matteus 5 - 10
- Handelinge 3 (sien studie 3)

1 MARKUS 1: 40-45 – GENESING VAN 'N MELAATSE MAN.

Ons kan die evangelie volgens Markus breedweg soos volg indeel:

- 1: 1-8 Inleiding
- 1: 9 - 8:21 Bediening in Galilea
- 8: 22 - 10:52 Onderrig oor die lyding
- 11: 1 - 15:41 Lydensverhaal
- 15: 42 -16: 8 Opstandingsverhale om die graf

Hierdie indeling laat ons sien dat daar twee groot verhaal blokke in Markus se vertelling van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, is. Die eerste groot blok is hoofstukke 1:9 - 8:21. Die fokus is op Jesus se bediening in Galilea. Die tweede groot blok is hoofstukke 11:1-15:41. Hier is die fokus op Jesus se lydensverhaal. Tussen die twee blokke vind ons die draaipunt van die

vertelling in Markus 8:31. Dit is waar Jesus die eerste keer aankondig dat Hy moet ly en sterwe.

Markus 1:40-45 val binne die eerste groot blok oor Jesus se bediening in Galilea. Ons moet onthou dat die Markus-evangelie die verhaal vertel van Jesus as die Seun van God (1:11; 9:7; 15:39). Jesus se sentrale boodskap is die koms van God se koninkryk (1:15).

Die Markus-evangelie toon met groot nadruk aan dat Jesus se wonders die deurbraak van God se heerskappy op aarde is, veral die duiweluitdrywing. Nagenoeg 47 persent van die eerste helfte van die Markus-evangelie word aan Jesus se wonders gewy. Dit illustreer vir Markus die deurbraak van God se koninkryk. Sy wonders verkondig die aanbreek van God se heerskappy en die erkenning daarvan op aarde. Dit is 'n belangrike motief vir ons studie.

Die melaatse man se smeek versoek.

1.1 Identifiseer die hooftrekke van die ontmoeting tussen Jesus en die melaatse man.

- Die melaatse man sê: "As U wil, kan U my gesond maak."
- Jesus antwoord: "Ek wil. Word gesond!"
- Tweeledige opdrag:

  (i) "Moet vir niemand vertel nie";

  (ii) "Kom die reinigingsvoorskrifte na".

1.2 Besin oor die inhoud en betekenis van hierdie hooftrekke.

Beskryf die kern van die saak waarom dit hier gaan.

.....
.....

1.3 Die swyg-verbod, "moet vir niemand vertel nie", is nog 'n belangrike motief in Markus.

Dit het te doen met die vraag oor wie Jesus is - om Jesus se identiteit te verstaan. Hy wil nie hê die mense moet in Hom glo op grond van die wonders wat Hy doen nie. Die wonders moet mense nie van sy Godheid oortuig nie.

Is dit vir jou vreemd?

.....

1.4 Die nakoming van reinigingsvoorskrifte is veral belangrik vir mense se insluiting in of uitsluiting van sosiale en godsdienstige gemeenskap.

Die kwessie van deelname, insluiting/uitsluiting en gemeenskap is nog 'n belangrike motief vir Markus. Jesus herstel die melaatse man se sosiaal-godsdienstige posisie én sy menswaardigheid.

- Dit gaan ook oor sosiale vooroordele en Jesus se omkering van sosiale waardes.
- Dink oor hierdie gedagtes en sê eerlik hoe jy daaroor voel

.....
.....

1.5 Kyk weer na die breë indeling van die Markus verhaal.

Onthou, hierdie verhaal is nog deel van Jesus se genesingswonders en uitdrukking (bevestiging) van die koninkryk wat naby gekom het (1:15).

- Dit gaan hier ook oor Jesus se gesag en die begin van sy openbare bediening.
- Die wondergenesings vertel wie Jesus is (identiteit).
- Dit vertel ook wat God se wil vir sy nuwe wêreld (koninkryk) is.
- Probeer jou gedagtes hieroor uitdruk:

.....
.....

1.6 Hoor die gevolg van hierdie insident en die man se verkondiging van die gebeure.

Jesus kon nie meer openlik in die dorpe ingaan nie. Die motief van ruimte en insluiting/uitsluiting is ook op Jesus van toepassing. Hy word uitgesluit en bedreig.

- Die rolle het omgekeer. Die motief van weerloosheid geld nou vir Jesus.
- Hy stel die voorbeeld van weerloosheid.

1.7 Reflekteer oor die tema van gestremdheid in hierdie verhaal.

Neem die verskillende motiewe (koninkryk, identiteit, ruimte, gemeenskap, weerloosheid) in ag:

.....
.....

2 MARKUS 8:22-26 EN 10:46-52 – TWEE GENESINGS VAN BLINDHEID.

Volgens die breë indeling van Markus se evangelie val hierdie twee verhale binne Markus se vertelling oor Jesus se onderrig oor lyding op sy lydensweg. Die Bybel plaas die voorbeeld verhaal van ’n gestremde wat genees word binne die raamwerk van lyding. Die tema van lyding is sentraal vir mense met gestremdheid. Die vraag oor gestremdheid en lyding is hier verpak binne die raamwerk van Jesus se lyding en die navolging van hulle wat in Hom glo as Messias en Hom wil dien as dissipels.

Die kruis oorskadu die Markusevangelie. Die lyding van Christus en vervolging van die dissipels is reeds in die eerste toneel bekend gemaak met die versoeking van Jesus in die woestyn en die oorlewering van Johannes (Mark 1:12ev). Die tema van verdrukking word voortgesit wanneer volgelinge hulle kruis moet optel en Jesus volg (Mark 8:34); en wanneer eers Jesus (Mark 3:19; 9:31; 10:33; vgl. 14:41-42, 15:2,10, 15) en daarna sy dissipels (Mark 13:9, 11, 12) oorhandig (Gr. *paradidonai*) word.

Besinning oor die twee Skrifgedeeltes kan twee benaderings volg. Ons kan die dele afsonderlik en losstaande van mekaar hanteer, of ons kan hulle benader vanuit die tegniek waarmee Markus sy verhaal vertel. Dan kyk ons hoe die twee verhale elkeen sy besondere perspektief open, maar ook hoe hulle met mekaar saamhang. In samehang open hulle nuwe perspektiewe en insigte. Ons probeer hier albei benaderings benut. Ons luister na elkeen afsonderlik en identifiseer die unieke motiewe daarin. Ons luister ook hoe die twee verhale saam nuwe betekenis open.

2.1 Markus 8:22-26 – Jesus genees ’n blinde man in Betsaida.

2.1.1 Identifiseer die hooftrekke van hierdie ontmoeting

- Mense bring ’n blinde man na Jesus.
- Jesus lei die man uit die dorp uit.
- Die blinde se sig kom in fases terug.
- Jesus stuur die geneesde man huis toe.

2.1.2 Identifiseer die opvallende motiewe in die hooftrekke.

Dink aan die oorkoepelende tema van lyding in hierdie deel van die verhaal.

- Onthou die motiewe in die studie oor Markus 1:40-45.

- Indien jy sien die motiewe herhaal hier, probeer vasstel hoe dit hier inpas

.....
.....
.....

2.1.3 Dink oor die mense wat die blinde na Jesus toe bring.

- Probeer hulle motivering beskryf waarom hulle juis na Jesus toe kom beskryf.
- Neem die motiewe in ag wat spruit uit van Jesus se identiteit en sy gesag.
- Dink aan die mense se hoop dat Jesus kan help as uitdrukking van hul geloof.

.....
.....
.....

2.1.4 Reflekteer oor Jesus se optrede om die man uit die dorp uit te neem.

- Wat sou Jesus se motivering hiervoor wees?
- Neem die volgende motiewe in ag: sosiale ruimtes; Jesus se uitsluiting uit die gemeenskap; en die ongewone plekke waar God se koninkryk aanbreek (sy nuwe wêreld sigbaar word en sy heerskappy deurbreek).

.....
.....

- Dink hoe dié motiewe jou help om jou gedagtes oor gestremdheid te vorm

.....
.....
.....

2.1.5 Besin oor die proses waardeur die man se sig gaandeweg herstel.

- Een interpretasie van hierdie gedeelte is dat dit ’n grafiese voorstelling is van hoe Jesus se dissipels gaandeweg begin verstaan wie Hy is. So verstaan, is dit ’n beskrywing van hul eie geloofsgroei.
- Lees weer hierdie deel van die verhaal en kyk of jy die interpretasie kan insien

.....
.....

- Kan dit ook ’n manier wees om die proses van nadenke oor gestremdheid te verduidelik?

Dit beteken dat ons eie verstaan en hantering van gestremdheid in ons samelewing gaandeweg groei en ons so tot dieper insig kom. Dalk is ons verwagting van wat die Bybel oor gestremdheid moet sê ook deel van hierdie fases van groei.

2.1.6 Jesus stuur die man huis toe met 'n opdrag om nie by die dorp aan te gaan nie.

- Is dit nie ’n baie vreemde opdrag nie? In Markus 1:40-45 stuur Jesus die man wat van sy melaatsheid genees is juis na die dorp toe, maar hier is dit ’n ander opdrag.
- Dink hieroor teen die agtergrond van die swyg-verbod in Markus 1:40-45, of die sogenaamde geheim oor Jesus se identiteit.
- Dink ook oor die motief van ruimtes waar God gedien en aanbid word. Die genesing vind buite die dorp plaas en die man moet na die privaatheid van sy huis terug keer. Die dorp word vermy en die reis op die weg na Golgota buite die stad, begin.

2.1.7 Wat leer die verhaal ons oor Jesus se verhouding met mense wat deur ander uitgesluit word?

2.2 Markus 10: 46-52 – Jesus genees die blinde Bartimeus.

2.2.1 Identifiseer weer die hooftrekke van hierdie gebeurtenis.

- Sien die motief van beweging en reis. Jesus is op pad om te sterf.
- Sien ook hoe die man langs die pad, buite die reisgeselskap, Jesus se aandag vra.
- Hoor hoe hierdie buite-mens Jesus aanspreek as Seun van Dawid.
- Sien hoe hy sy behoefte aan Jesus oordra en vra vir ontferming.
- Vergelyk die reaksie van die mense met Jesus se reaksie op die man se roep.
- Hoor wat presies Jesus vir die man vra en hoe die ontmoeting afloop.

2.2.2 Identifiseer weer die opvallende motiewe in hierdie vertelling.

- Wat leer jy oor menslike nood soos gestremdheid, uit die optrede van die karakters?
- Dink oor die motief van ontferming en Jesus se toegespitste aandag aan die man.
- Dink oor die reis-motief in hierdie verhaal. Jesus en die groep wat na Jerusalem beweeg en die man wat na sy genesing op die pad agter Jesus aangaan. Sê dit iets prakties vir of oor gestremde persone in ons tyd?

.....
.....

2.2.3 Dink oor Jesus se vraag aan die man. Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?

- Onthou hierdie vraag as 'n motief in die vertelling.

2.2.4 Reflekteer oor Jesus se uitspraak dat die man se geloof hom gered het.

- Hierdie is 'n besonder problematiese uitspraak in die debat rondom gestremdheid in ons dag. Hoe kan ons daaroor dink en praat?

.....
.....

2.3 Lees Markus 8:22-26 saam met 10:46-52.

Dit is opvallend in die tweede groot blok van Markus se vertelling oor die lyding van Jesus, dat Hy onderrig gee en nie meer genesingswonders doen nie. Merkwaardig is die laaste genesingsverhaal oor die blinde Bartimeus (10:46-52). Die klem is nie slegs op sig nie, maar ook op geloof. Bartimeüs se besondere woorde: "Here wees my genadig/barmhartig" (Gr. eleeo Mark 10:47 & 48), en Jesus se antwoord: "Gaan, jou geloof het jou gered" (Mark 10:52), gaan oor genade en geloof.

Ook die identifisering van Jesus as Seun van Dawid is 'n identiteitsmerker wat belangrik raak in die volgende hoofstukke. Die "Seun van Dawid"-titel loop saam met die "Seun van God"-titel wat vroeër in Markus beklemtoon is (1:1, 10-11; 9:2-8).

In Markus 10:52 is die klem op Jesus se onderrig oor lyding onderweg na Jerusalem (8:31-32; 9:12-13, 30-32; 10:32-34). Die reaksie op die hooftema van lyding is ongeloof, verwarring, misverstand, weerstand. Daar is blykbaar ook 'n ontwikkeling in die reaksie op Jesus. In Hoofstuk 8 reageer Petrus met weerstand, en daarna reageer die dissipels met stilswye uit vrees (9:30-32) en misverstand in (Hoofstuk 10).

Dit is duidelik dat lyding en Christus se kruisiging deel is van God se heilsplan. Markus help ons nie om te verstaan hoekom nie. Hy aanvaar eenvoudig dat dit so is. Dit is moeilik vir ons, nes dit destyds vir die dissipels en skares was, maar dit is die kern van die gawe van geloof.

2.4 Vir verdere nadenke en gesprek.

2.4.1 Ons is geneig om klem te lê op genesing.

- En kan nie elke dag begryp hoekom lyding deel van die geloofslewe is nie.
- Ons klou aan Jesus vas as die Groot Geneesheer, maar lees vinnig en ongemaklik oor die tekste wat net so duidelik toon dat lyding deel van ons lewe is.
- Beide is waar - genesing en lyding is deel van ons geloofslewe.

2.4.2 Hierdie twee tekste oor Jesus se genesing van blindes, is nog ’n voorbeeld van Markus se literêre tegniek.

Dit vorm saam ’n raamwerk (*inclusio*) vir Markus 8:27-10:45, as kommentaar op die dissipels se gedrag.

- Die twee verhale beklemtoon Jesus se gesag oor blindheid.
- Die genesing het ook die funksie van onderrig in Markus se verhaal.
- Die genesing van die blindes is kommentaar op die dissipels se sukkelende geloof.

2.4.3 Dink oor persone met 'n gestremdheid, as leermeesters van God se nuwe wêreld.

- Hoe kan persone met 'n gestremdheid ons help om die waardes van God se nuwe wêreld in te sien en deel te maak van ons daaglikse lewenshouding?

.....
.....

- In die omraamde gedeelte (Mark 8:27-10:45) word die dissipels se mislukkings op twee maniere blootgelê: (i) Deur Jesus se korrektiewe onderrig, en (ii) deur optrede van mense in die deel wat deur magtiges as minderwaardig beskou word.

2.4.4 Iemand skryf dat Markus twee vereistes aandui wat die dissipels moet nakom voordat hulle tot ware insig van Jesus se identiteit en sending na die wêreld kan kom: wanneer hulle geloof in Jesus en sy herskeppende krag ontmoet.

- Dink hieroor.
- Probeer aandui hoe dit ons help met ons nadenke oor gestremdheid.
- Help hierdie verhale jou om beter te verstaan wat die Bybel oor gestremdheid leer?

3 MATTEUS 5-10 - ’N VREEMDE EN VERRASSENDE GEMEENSKAP

Agtergrond en indeling van Matteus

Hierdie Bybelstudie is uit die Matteus-evangelie. Ons kyk of die motiewe waarna ons in Markus gekyk het ook in Matteus 5-10 aanwesig is. Dirkie Smit wys met hierdie deel van Matteus hoe die gemeenskap wat aan Jesus behoort deur Jesus se bediening saamgestel is en hoe Matteus hierdie vreemde gemeenskap voorstel.

Hoofstukke 5-10 is ’n samevatting van Matteus se punt dat die dissipels (kerk) aan Jesus behoort. Hoofstukke 8 en 9 beskryf Jesus se werke en vorm saam met hoofstukke 5-7 eers die volle prent waartoe sy dissipels en kerk geroep word. Beide sy woorde en werke is belangrik om Jesus te ken. Jesus se werke is helend, genesend, verlossend en barmhartig. Dit is wonderbaarlik goed.

Die struktuur van Matteus 8 en 9 is saamgestel rondom nege wonderdade van Jesus. Matteus rangskik sy vertelling in drie groepe van drie elk en sê na elkeen van die drie groepe eers iets oor dissipelskap. Sy klem is deurentyd op behoort aan (insluiting/gemeenskap) én navolging van Jesus. Matteus wil sy lesers iets leer oor die aard en roeping van die kerk, asook oor die werke van Jesus wat nagevolg moet word.

Die eerste drie wonderdade is oor genesing:

- ’n Melaatse man (8:1-4);
- ’n Offisier se slaaf (8:5-13);
- Petrus se skoonma (8:14-17).

Matteus volg die genesingswonders op met lering oor die radikale navolging van Jesus. Jesus vra ’n breuk met alle sosiale, kulturele en godsdienstige lojaliteite (selfs familiebande), sodat mense vry is om aan Hom alleen te behoort (8:18-22).

Die tweede groep van drie beskryf wonderwerke van ’n ander aard:

- Die dissipels se vrees vir die geweld van ’n storm (8:23-27);
- Besetenheid en verslawing (8:28-34);
- Verlammende en verslawende gevolge van ons eie skuld en verlede (9:1-8).

Hierdie verhale raak die motiewe van weerloosheid en sonde-vergifnis aan. Die mens is weerloos uitgelewer aan natuur kragte, maar word ook wonderbaarlik van sonde en skuld bevry. Dan volg ’n uitspraak oor dissipelskap, die roeping

van Matteus, ’n tollenaar. Net so roep Jesus alle sondaars en tollenaars (9:9-13).

Die derde groep van drie wonderwerke is oor magteloosheid wat kom met:

- Siekte en dood (9:12-26);
- Blindheid (9:27-31);
- Stomheid (9:32-34).

Weer die kwessie van weerloosheid en dat Jesus mense bevry van magte, sodat hulle weer kan praat, kan sien, kan lewe. Dan ’n uitspraak oor dissipelskap waarin volgelinge van Jesus opgeroep word om deernis vir ander te hê. Die ingewande van diegene wat aan Jesus behoort moet net so in beroering kom oor die nood van die menigtes in hulle moegheid en hulpeloosheid (9:35-38).

Nadenke en bespreking

3.1 Matteus vertel sy lesers van Jesus sodat ons kan verstaan wie onsself is.

- Hy hang ’n prentjie van God se nuwe wêreld voor ons op.
- Hy daag ons uit om te word wat ons veronderstel is om te wees.
- Omdat ons aan Jesus behoort, moet ons sy voorbeeld navolg.
- Sou ons belewing van gestremdheid anders wees as ons Jesus se deernis uitleef?

.....
.....

3.2 In Matteus is “vroue” simbool van diegene wat nie tel nie.

- Onbelangrikes, geminagtes, uitsigloses, uitgediendes, afgeskryfdes, magteloses, eenvoudiges, randfigure, verlorenes, tweederangses, agtergesteldes, noodlydendes, armes, veronregtes, ellendiges, hulpeloses.
- In hul verhale klop die hart van die kerk se verhaal, sê Dirkie Smit. Stem jy saam?

.....
.....

3.3 In Matteus kry hierdie mense talle name, vele konkrete gesigte.

3.3.1 “Die vroue” is maar een benaming vir diegene wat nie tel nie. Ons hoor ook van:

- Kinders wat nie tel nie en verhinder word (18:1-4; 19:13-15);

- Sondaars en prostitute en tollenaars - diegene op wie mense om morele of politieke redes neersien;
- Siekes, blindes, dowes, melaatses, kreupeles - diegene wat nie vir hulleself kan sorg nie, maar afhanklik en hulpeloos uitgelewer is aan die genade van ander en van die gemeenskap
- Die armes - diegene wat honger en dors na die geregtigheid;
  - Die wat werkloos op straathoeke sit en hul dae omwag (20:1 e.v.);
  - Die wat in die oë van die besitters, die nutteloses is - die nikswerds, die laste;
  - Lydendes en geestelik versteurdes (17:14 e.v.);
  - Moeders in nood - wat uitroep om hulp vanweë verslaafde kinders (15:21 e.v.);
  - Gebrokenes van hart - treurendes, vaders wie se kinders gesterf het, vroue wat aan ongeneeslike kwale ly;
  - Magteloses, verslaafdes, ellendiges - al die wat arm van gees is en weet dat hulle van genade en guns alleen lewe.
- Help hierdie breër fokus jou om oor gestremdheid na te dink?

.....
.....

3.4 In die Evangelie van Matteus maak Jesus diesulkes sy volk (sluit hulle in).

- Sy dissipels, vriende, broers en susters, kerk, gemeente, getuies, apostels.
- Jesus herdefinieer die Godsvolk.
- Hy roep, bevry en skep ’n nuwe kerk - ’n nuwe gemeenskap rondom en naby Hom.

3.5 Radikaal word die Godsvolk herdefinieer vanaf hoofstuk 18 tot 24.

- Lees Matteus 21:14-16.
- Blindes en kreupeles, kinders en suigelinge sing sy lof.
- Hulle doen wat die Godsvolk inderdaad moes doen.
- Is ons al op pad met God se dieper verstaan van gestremde identiteit?
  .....
- Laat ons dan verder dink en gesels.
  .....
  .....